DEEL 116 | WEEK 34 | 23 AUGUSTUS 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Inwoners moet kanne vol maak!

Heilbronners kan hulle gereed maak vir ongeveer twee weke van watertekort. Dit kom nadat die munisipaliteit aangekondig het dat die reservoir naby Tokollo Hospitaal se lek uiteindelik herstel sal word.

Volgens 'n boodskap van die munisipaliteit gaan dit twee weke neem om die nodige onderdele en materiaal in die hande te kry en die lek te herstel. Francis Moeketsi verduidelik dat hulle tans die materiaal bymekaar kry en volgende week met die herstelwerk van die reservoir sal begin. Daar kan nog nie 'n spesifieke datum hiervoor gegee word nie. Die watertekort sal veral dele in Ringerstraat, Pleinstraat, Heilstraat, Breëstraat, Kerkstraat, 'n deel van Piercestraat, Pienaarstraat, Hospitaalstraat en Langmarkstraat die hardste tref.

Dit is egter nie die eerste keer dat hierdie probleem kop uitsteek nie. Inwoners van die omliggende area, verduidelik dat die lek al reeds 15 jaar terug begin het. Die laaste jaar het dit egter 'n knelpunt geword vir inwoners. Persone in die area raak moeg vir die liters water, wat in hul erwe in loop en skade aanrig, en is op die drumpel om regsadvies te kry. Die reservoir kon vir die laaste jaar net halfpad vol gemaak word, as gevolg van 'n kraak in die boonste helfte, wat nie volhoubaar was om voldoende water aan die dorp te voorsien nie.

Heilbron Herald was hierdie week op die toneel, waar daar gesien is dat dit nie net by die reservoir lek nie, maar dat daar ook heelwat water by die duidelik geroeste pype verlore gaan. Die infrastruktuur van die reservoir is ook besig om stadig maar seker te verbrokkel.

Raadslid Phillip van der Merwe het bevestig dat die lek 'n groot uitdaging is wat nie net die waterdruk in die area affekteer nie, maar ook skade aan eiendom naby die hospitaal veroorsaak. Die huidige poging is om die reservoir leeg te kry en dan die lek te seël, wat op die langer termyn sal verseker dat die area volhoubaar van water voorsien word. Ongelukkig sal hierdie proses op die korter termyn wel ongerief vir die verbruikers in die betrokke areas meebring.

Raubex het ook hulp gebied deur waterlekke in die dorp te identifiseer, steeds is daar inwoners wat 'n probleem met die hulp van die maatskappy gevind het. Die munisipaliteit vra inwoners om water spaarsamig te gebruik en seker te maak dat hulle houers vol water is vir die komende dae. Die gemeenskap word ook aangemoedig om geduldig en begripvol te wees terwyl die herstelwerk gedoen word, sodat almal uiteindelik weer volhoubaar van water voorsien kan word.



# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Die eerste besending van die "Bless met 'n blikkie projek" is ontvang en dit is weereens bewys dat die Heilbron gemeenskap se harte oop is vir die projek. Namens die Jeugsorgsentrum wil ons diegene bedank wat die projek ondersteun het en ook die ander motiveer om ons te seën met blikkies kos by OK Minimark.

Merk die 6de September in die dagboek, want dan verkoop Ringerstraat Jeugsorgsentrum lekker Jafels en Kerrie en Rys. Die verkope dien as 'n fondsinsameling vir die Jeugsorgsentrum. Kom neem deel aan 'n goeie doel met 'n lekker vol magie. Bestel vroegtydig by Elmarie Els by 079 599 4135 om deel te wees en dit nie mis te loop nie.







## Boere bekommerd oor "onnodige" veldbrande



• *Vrystaat Landbou*

Alhoewel sterk winde 'n bydraende faktor was, meen dr. Jack Armour, kommersiële bestuurder by Vrystaat Landbou (VL) en verantwoordelik vir rampversagting en -reaksie, dat die onlangse veldbrande wat duisende hektaar grond verwoes het, moontlik vermy kon gewees het. "As 'n mens na die AFIS-kaart van brandvoorvalle oor die afgelope paar dae kyk, wys dit duidelik dat die meeste van die brande langs nasionale paaie plaasgevind het," sê dr Armour.

Volgens Armour kom die voorkoms van brande langs nasionale paaie voor as gevolg van verskeie faktore, soos onverantwoordelike bestuurders wat sigaretstompies by motorvensters uitgooi en vure wat onverskillig deur padwerkers en pendelaars langs die pad gemaak word om warm te bly en dan nie behoorlik geblus word nie. Hawelose mense wat onder brûe en in stormwaterpype onder paaie slaap en kook, is nog 'n kommerwekkende neiging. Laastens, is swak beheer ten opsigte van brandlading vermindering (wat bestaan uit die sny van gras en bosse) 'n mislukking aan die kant van nasionale padowerhede.

"Menslike optrede is ook die hoofoorsaak van baie van die brande langs die Lesotho-grens. Brande word doelbewus gestig as 'n daad van intimidasie en vergelding wanneer oorgrensboere die weiveld van ander onwettig gebruik." sê Armour. "Foutiewe Eskom-kraglyne en kwaadwillige brandstigting kan ook brande veroorsaak."

"Onder die voorspelde rooi brandgevaar-indeks toestande van stormsterk, warm, rukwinde wat oor swaar brandlading waai, is Brandbeskermingsverenigings (BBV's) almal op hoë gereedheid. Hul is egter basies hulpeloos teen wegholveldbrande in hierdie toestande." merk Dr Armour op.

In die lig hiervan, doen VL 'n ernstige beroep op padgebruikers om waaksaam te wees en die weggooi van sigarette en rommel te vermy, veral glas en ander items wat 'n vergrootglas-effek kan hê. VL doen verder 'n beroep op die betrokke owerhede om die brandlading wat verteenwoordig word deur gras en bosse langs die paaie te verminder. Boere word ook versoek om gebiede waar daar 'n hoë brandlading is aan te meld, asook om hul kraglyne vir foute en voëlneste na te gaan en dit aan ESKOM en aan VL te rapporteer om op te volg. "Voorkoming altyd beter as beheer."

# Ngwathe se nuwe munisipale bestuurder

Ngwathe se nuwe munisipale bestuurder, Dr. Futhuli Mothamaha, lyk vasberade om die munisipaliteit se talle probleme te takel. So sê raadslede en munisipale personeel, drie weke na sy aanstelling. Hy ageer tans in 'n waarnemende posisie totdat hy op 1 September permanent in diens tree. Sy aanstelling was volgens gerugte redelik omstrede (Herald, 2 Augustus). Die omstredenheid het blykbaar verband gehou met faksie-gevegte binne die leierskorps van die regerende party. ANC-raadslede het 'n uurlank tydens 'n geheime koukusbespreking koppe gestamp oor sy aanstelling, alvorens dit eenparig deur die raad bekragtig is.


Die munisipaliteit is reeds agtien maande sonder 'n permanente bestuurder, na die onverwagte (en steeds onverklaarde) bedanking van 'n bestuurder slegs enkele maande nadat sy diens aanvaar is. Die administrasie is sedertdien deur waarnemende bestuurders beheer.

"Ngwathe het 'n permanente munisipale bestuurder nodig gehad," sê DA-raadslid Robert Ferendale van Heilbron, "want sonder ferm leiding gebeur min."

En nou dink minstens sommige raadslede hulle begin ferm leiding sien. "Een amptenaar het gister by my gekla Dr. Mothamaha is te streng: hoog tyd daarvoor!" sê DA-raadslid Saal de Jager, 'n sakeman van Parys. Prof. Jan Meyer, 'n VF+-raadslid, ook van Parys, stem saam: "Absoluut! Hy probeer nou dinge regkry, en dis 'n nuutjie…"

Rdl. Arnold Schoonwinkel, DA-segsman oor Ngwathe se munisipale geldsake, sê Dr. Mothamaha het 'n doktorsgraad in sakebestuur, wat hom vars laat dink oor munisipale sake.
Dr. Mothamaha is ook 'n kenner van kleinsake, toerisme, en ekonomiese ontwikkeling, alles waarin Ngwathe se dorpe soos Heilbron 'n groot behoefte het. Ander raadslede sê aan Heilbron Herald dat Mothamaha "altyd beskikbaar is" en vinnig optree om probleme te probeer oplos. "Ek het 'n baie gunstige indruk sover van hom," voeg Rdl. Marinda Matthysen-Engelbrecht (VF+) by.

# UIT DIE PEN: Week 34





Op 1 Mei 2024 het my skelet effens verander. Oor die fibula wat gebreek het. Dis een van die bene binne-in die onderste deel van jou been.
Die ander dag lees ek dat Franco Mostert sy fibula gebreek het. Die opskrif van die koerantberig sê: "Bok breek been". Nee, nee, nee, kom dit uit die peanut gallery. Dis beslis nie dieselfde nie. As jy 'n been gebreek het, het jy 'n been gebreek. Dis nie dieselfde as wanneer jy 'n fibula breek nie.
Nou ja, peanut gallery, verduidelik vir my vir vyf punte hoekom 'n gebreekte fibula nie dieselfde is as 'n gebreekte been nie? Ek vra namens 'n vriend en ek luister by die draadloos. Nietemin.
Ek en my goeie man het so twee naweke gelede die voorreg gehad om 'n huweliksbevestiging by te woon. Ek ken vir mooi Anja vanaf 2017. Sy is my somatoloog. Gaan soek die woord op indien jy nie weet wat dit is nie.
Ek het saam met haar deur haar vorige verhouding gesukkel. Saam met haar 'n traan afgevee wanneer sy nie meer geweet het watter kant toe nie. Ek het geweet toe sy vir Derick ontmoet het. Wel, almal het dit geweet. Sy en Derick het in Desember verloof geraak en gou het ek en my goeie man 'n uitnodiging na die troue gekry.
En ek sommer een na mooi Anja se kombuistee.
Nou kyk, ek doen nie meer *kombuistees* en *ooievaarstees* en *gender reveals* nie want die tannies raak laf en die spulletjie raak duur. Heeltemal te simpel en kommin. Maar dis net my mening. Ek sê maar "ja" vir mooi Anja se kombuistee. Synde ek toe nog per maanstewel en krukke die wêreld aangedurf het, kon ek dit as verskoning gebruik as ek vroeg wou loop.
Elkeen moet vooraf haar kos bestel en op die dag betaal. Ons moes ook 'n woord stuur: een wat ons laat dink aan mooi Anja, 'n woord wat ons met haar assosieer. My woord was "hartsmens".
Ek gaan maandeliks na Anja toe. Dan gesels ons vir amper twee ure lank terwyl sy my pamperlang (my Duitse oom het soms sy terme deurmekaar gehad, hy het gepraat van "pieperlak" in plaas van "pamperlang").
Ek sal dan vir mooi Anja van my familie vertel of deel wat by die werk gebeur het of sommer net iets van my hart af kry. Wanneer ek die volgende maand daar kom, vra sy met opregte belangstelling uit na waaroor ons die vorige keer gepraat het. Sy het onthou waaroor ons gesels het en sy het diep belanggestel. Soos 'n hartsmens sal doen.
Daar was niks simpel of kommin aan mooi Anja se kombuistee nie. Inteendeel dit was so lekker om na elke vrou wat genooi is, se woord oor mooi Anja te luister, want so het ons *ingespreek* in haar lewe. Met die normale hoeveelheid trane, natuurlik.
Twee naweke gelede was dit mooi Anja en Derick se troudag. Prentjiemooi. Anders. Besonders. Hulle trou buite, onder 'n pergola. Gaste sit op wit stoele terwyl die son kolletjies deur die blare maak. Mooi Anja se familie gaan steek 'n kers op as herinnering aan geliefdes wat reeds Hemel toe is.
Twee blommemeisies stap in, Riana Nel sing 'n spesiale lied oor hoe Derick en mooi Anja mekaar ontmoet het. Die agterste deure gaan oop en mooi Anja stap vir Derick tegemoet. As ek nie met krukke moes loop nie, het ek agter hulle aan gedans, met hande in die lug.
Met die onthaal is daar baie toesprake, maar anders. Iemand lees 'n brief wat die bruid se ma aan Anja geskryf het en waar sy vir Derick welkom heet in die familie. Dieselfde van Derick se ouers se kant af. Daarna kom vertel Derick se broer en sy skoonsus hoe hulle geweet het dat hierdie twee nog gaan trou, maar hulle moes eers 'n manier kry om hulle aan mekaar voor te stel.
Derick kom gee sy toespraak. Niemand sit voor hom, spuit kom nat of sing vir hom 'n simpel liedjie oor tant Koek en haar hoenderhaan nie. Dis amper 'n gewyde oomblik toe hy vertel hoe hulle ontmoet het en hoe lief hy vir haar het. Nog 'n paar trane. Naby aan die einde van sy toespraak sê hy: "Ek voel dapperder saam met jou." Maar toe snik ek.
Mens hoor hoe lief mense mekaar by troues het, maar mens hoor selde hòè lief hulle mekaar het. Toe ons totsiens sê, gesels ek en my goeie man vir 'n rukkie met Derick.
Ek sê vir hom dat dit 'n yslike voorreg was om daar te kon wees. Ons vergeet dat 'n troue nie dieselfde is as 'n huweliksbevestiging nie. Troue is *paartie* hou, suip, baie eet. 'n Huweliksbevestiging is om deel te wees van twee mense se grootste belofte aan mekaar. En om by te voeg: "Ons roep almal hier om getuies te wees."
Weet jy dat dit gaste dan die reg gee om te kom sê dat hulle sien dat een van die huweliksmaats ongelukkig is? Hulle mag, want die dag toe hulle getuies van twee mense se beloftes geword het, het jy hulle die reg gegee. Ek wonder wanneer laas jy jou huweliksmaat gewaardeerd laat voel het? Doen dit sommer vandag.
Ek is troue toe met my twee krukke en kort ente sonder dit geloop. Ek het in die eerste sin van vandag se skrywe gesê dat die moeilike pad op 1 Mei begin het. Ek is op 3 Mei geopereer en die aand huis toe gekom. Ek het my dun troupand gedra en myself belowe dat ek my verloofring sal aansit wanneer ek op my nie-meer-so-seer voet kan trap en sonder krukke kan loop. Dit was deel van my motivering, want my verloofring is vir my verby mooi.
Ek het verlede Vrydag my verloofring weer aangesit. En ek was vandag weer by Martelaar Paul. Nou wonder ek of ek môre met of sonder die krukke gaan loop, want ek voel nou al hoe klop dit...

# INSPIRASIE RESEPTE - Pasch du Plooy

**SNACKS:** Preparation time: 40 minutes
Cooking time: 6 minutes | Serving: 10 - 12 people

**Ingredients for the Springbok Bitterballen**
1kg springbok or any venison mince
100g finely chopped bacon, 400g chopped onions
2 cloves garlic, chopped, 80g butter, ¾ cup all-purpose flour, 300 ml milk, 300ml chicken stock
1 tsp salt, ½ tsp ground black pepper, 1 tsp biltong spice, 100 ml Dijon mustard, ¼ cup finely chopped fresh parsley, 600 g grated cheddar cheese

**For the crumb**
2 eggs, ½ cup water, 1 cup plain flour, 4 cups breadcrumbs


**Method for the Sringbok Bitterballen**
Place ground springbok mince, onions and garlic, in a medium pot with a little oil and cook until browned. Make sure to break the lumps and stir until crumbled. Set aside. Melt butter in a large saucepan over low heat. Stir in flour until smooth and cook for about 2 minutes. Gradually stir in milk, then chicken stock to make a smooth thick sauce. Now add the cooked springbok mince and the grated cheese to the sauce. Stir to blend well. Now season with salt, pepper, biltong spice, Dijon mustard and parsley. Mix until well combined. Remove the mixture from the heat and set aside to cool to in the fridge. When the meat mixture is cooled and slightly firm, weigh out 30g balls and place in fridge to set. Now whisk together the eggs and water. Place breadcrumbs on a plate or tray. Coat bitterballen with flour, then dip in the beaten egg mixture, then roll the bitterballen in the crumbs to coat. Repeat the coating process if a thicker breading is desired. Fry the bitterballen in 180-degree oil until golden brown. Set on kitchen paper and serve hot.

**How to serve:** Served hot from the fryer with Dijon or sweet mustard on the side.




# Huppel Trippel 'kuier' in Taiwan






Op 20 Augustus het Maryke, dogter van ds Petrus en Elsa Fouché, vir die HT-groep kom vertel van haar lewe as onderwyseres in Taiwan. Behalwe vir vreemde gewoontes het die ete en drinke dalk die meeste aandag getrek. Op die foto's kan gesien word hoe padda-, slang- en likkewaansop voorgesit word. Maryke het die groep ook getrakteer op gedroogde seewier, tee en pynappelkoekies - wat peuselhappies is. Sy sê daar woon ongeveer 2000 Suid-Afrikaners in Taiwan. Dit is 'n besonder warm land met 'n humiditeit van bó 90%. Dit is egter veilig om 2uur in die nag in die straat te stap en niks word gesteel nie. Dit was 'n besonder insiggewende praatjie waaroor almal nog lank sal praat. Oor 2 weke is dit heeltyd speeltyd wanneer ons weer heerlik gaan speel met balle en musiek en hoede en wat nog als. Kom kuier gerus saam!




*Op die foto vl: Ds Petrus, Maryke en Elsa Fouché.*

# Kom maak 'n draai by die VVA

VRYSTAAT-VERSORGING IN AKSIE
FREE STATE CARE IN ACTION





VVA se deure is amptelik oop vir die publiek! Maak 'n draai elke Donderdag om 9vm by Pleinstraat 51 en ondersteun liefdadigheid. Pragtige handgemaakte kussings, verrassings pakkies en nog vele meer wag op jou.






# Gift Roets en groep atlete geniet Waterfall City Halfmarathon



Op 18 Augustus het Gift Roets en 'n groep entoesiastiese atlete deelgeneem aan die Waterfall City Halfmarathon, by die Mall of Africa in Midrand. Die geleentheid, wat bekend is vir sy uitdagende roete en pragtige uitsigte, het weereens nie teleurgestel nie. Die groep het die wedloop terdeë geniet en hul deelname was vol opwinding en vasberadenheid. Hierdie atlete is gereelde deelnemers aan soortgelyke uitdagings en geniet dit ten volle. Met hierdie sukses agter die rug, sien hulle reeds uit na hul volgende marathon.

# Huis- & Tuinbou wys hul kunswerk

Die Huis- en Tuinbouklub het onlangs 'n kreatiewe sessie by Hartklop aangebied, waar lede die geleentheid gehad het om Pewterwerk te verken. Gladis van GK Arts and Craft het die groep vaardig begelei en hulle stap-vir-stap gewys hoe om hierdie unieke kunsvorm te bemeester. Die sessie was vol inspirasie en het die lede die kans gegee om hul eie pragtige Pewterstukke te skep.










# School of Destiny leerders geniet leersame uitstappie






Die Graad R-leerders van School of Destiny het verlede week 'n opwindende en leersame uitstappie beleef. Hulle het verskeie interessante plekke besoek wat hul horisonne verbreed het. Een van die hoogtepunte was 'n besoek aan Lanie Bakkery, waar Lanie die kleingoed gewys het hoe om heerlike kolwyntjies te bak en te versier - natuurlik met die lekkerste deel daarna, die eet van die kolwyntjies! Die kinders het ook die plaaslike tandarts, Dr. Marge Baan, besoek. Sy het hulle verseker dat daar niks is om bang voor te wees nie en het hulle ook gewys hoe om hul tande behoorlik te versorg. Verder het die leerders ook Dr. Spies en Van Stryp se spreekkamers besoek. Die polisie het ook tydens die uitstappie die skool besoek om die kinders meer oor veiligheid te leer. Hierdie reeks uitstappies was 'n prettige en opvoedkundige ervaring wat die kleuters se begrip van die wêreld verder uitgebrei het. Sulke uitstappies maak duidelik 'n waardevolle bydrae tot hul opvoeding.




HERALD Sport

# Kransfontein Resiesduifklub

Op Saterdag 2024-08-17 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Drie Susters gevlieg. Die duiwe is om 07:15 gelos en hulle het oor 'n afstand van 690 kilometer terug na Reitz gevlieg. Vyf lede en 75 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 16:49 geklok.

1. Wolmarans Hokke A, 2. Wolmarans Hokke A, 3. Wolmarans Hokke A, 4. Wolmarans Hokke A, 5. Wolmarans Hokke A, 6. Wolmarans Hokke A, 7. Du Plessis Hokke, 8. Wolmarans Hokke A, 9. Reitz Lofts 1, 10. Reitz Lofts 2.



*Op die foto is Fritz Wolmarans van Wolmarans Hokke A met die wenduif.*

# HEILBRON DUIWENUUS

Verlede naweek se wedvlugte was vanaf Jamestown oor 'n afstand van 440km. Die eerste wedvlug is 07:00 gelos en die voorstes was 13:06 terug. Hul gemiddelde spoed was 71 kpu. Die tweede wedvlug is 'n halfuur later gelos. Zenith Hokke het baie goed gedoen deur albei wedvlugte asook albei Combines te wen. Baie geluk aan Dr P van Zyl. In die eerste wedvlug vat Heilbron die eerste 3 plekke in die Combine.

**Jamestown 1**

1. Zenith, 2. Zenith, 3. F Viviers, 4. Zenith, 5. Zenith, 6. F Viviers, 7. Zenith, 8. D Cilliers, 9. Zenith, 10. D Cillliers.


**Jamestown 2**

1. Zenith, 2. Zenith, 3. D Cilliers, 4. D Cilliers, 5. Zenith, 6. D Cilliers, 7. Zenith, 8. D Cilliers, 9. Zenith, 10. Stemmett



*Dr Piet van Zyl met sy drie Noord Vrystaat Combine wenners van die afgelope twee weke.*


**VOER TE KOOP**



SKAKEL: THOMAS DE WET
BY: 073 414 4149



BOERE BANDE
Our quality is our pride!

**24/7 SERVICES**

BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES

Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261

Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337

Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**

*Donderdae - Royal Auction Centre*



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Jan-Hendrik Claassen: 074 490 5451

*Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!*



L&T BOERDERY
Since 1999

Leonard Strydom: [illegible]
Johnnie Fourie: [illegible]
Willie Pretorius: [illegible]

AFMA

**VAKATURE VIR ADMINISTRATIEWE PARTE POS**

**INLEIDING:**
- Ervaring in parte administrasie sal 'n bonus wees.
- Kennis van trokparte sal voordelig wees.
- Buigsaamheid om ongewone ure en naweke te werk.
- Uitstekende kliëntediens.
- Uitstekende tydbestuursvaardighede.
- Sterk interpersoonlike kommunikasievaardighede met bestuurders.

**PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE:**
- Algemene Administrasie Take
- Fakturering
- Werkskaart Administrasie
- Voorraad beheer
- Onderhoudsbestuur

**VEREISTE ERVARING EN KWALIFIKASIES:**
- Graad 12.
- Data vaslegging.
- Goeie organisasie- en beplanningsvaardighede en in staat om onder druk te werk.
- Besluitnemingsvaardighede.
- Rekenaargeletterdheid (MS Word, Excel, Outlook).
- Spanspeler (Baie belangrik).
- Uitstekende telefoniese etiket en kommunikasievaardighede.

**KENMERKE:**
- Uitstekende probleemoplossingsvaardighede.
- Goeie skryf- en kommunikasievaardighede.

**SALARIS:**
- Markverwant / Afhangende van ervaring / 13de tjek.

**AANSOEKE SLUIT 30/08/2024**

Stuur asseblief CV's aan leonard@ltboerdery.co.za



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

**BELANGRIKSTE veilings**

**MAANDAG - 26 AUGUSTUS 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 27 AUGUSTUS 2024**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VERKYKERSKOP Jaarlikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

ANYSSPRUIT Twee-maandelikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

STANDERTON: 11DE NASIONALE JONGRAM VEILING
11:00 Hoëveld Veilingskompleks
Kontak Carel Davel 082 331 1811

**WOENSDAG - 28 AUGUSTUS 2024**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BLOEKOMSPRUIT Kwartaallikse veiling.
Kontak SC de Jager 082 599 2312

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

Reitz-Oos Jaarlikse vetvee veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

MIDDELBURG: RIVERGLEN WILDLIFE BEEFMASTER & BRAHMANE PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Mooifontein
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**DONDERDAG - 29 AUGUSTUS 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

HEILBRON: LOUISE DOHNE MERINO & WELCARE GROUP
11:00, plaas Cannossa
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

DAVEL: WILLIAMS, HINZE & ODENDAAL SANTA GERTRUDIS VEILING
11:00, The Bull Ring
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**VRYDAG - 30 AUGUSTUS 2024**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT: FRANKFORT BONSMARA TELERSGROEP PRODUKSIEVEILING
11:00, Frankfort Auction Ground
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

**SATERDAG - 31 AUGUSTUS 2024**

KROONSTAD: EFFICIENT GENES EN GASVERKOPERS
Suffolk skape
11:00, HS Trio Landbouterrein
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za